

Industrialisasie van gevorderde tegnologieprodukte met lae volume

René Uys* en Eric Pieters

Nagraadse Skool vir Bestuurswese, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom 2520
Republiek van Suid-Afrika

Ontvang 11 April 1990; goedgekeur 5 Julie 1990

Industrialisation of advanced technology products with low volume A noticeable revolution has occurred in the manner in which products are produced. Mainly due to an increase in productivity in order to achieve prosperity and progress, a rapid change in technology due to an increase in research and development, and the growing complexity of both the product and the technique to produce it. This requires that more emphasis is placed on the thorough industrialisation of high technology products. Problems are experienced with regard to communication, involvement during the different project life-cycle phases, cultural differences between development and production, documentation management, component manufacturing, instruments, manpower and low volumes during the transfer phase by high-technology companies. In this article the focus is on the project management approach as a possible mechanism to deal with the mentioned problems and to manage the production of high-technology products with a low volume.

'n Merkbare revolusie het in die wyse waarop produkte geproduseer word, plaasgevind — hoofsaaklik weens verhoogde produktiwiteit wat nodig is vir groeiende welvaart en vooruitgang, die snelle verandering in tegnologie weens toenemende navorsing en ontwikkeling en die groeiende kompleksiteit van beide die produk en die tegniek om die produk te produseer. Dit bring mee dat meer klem op die deeglike industrialisasie van gevorderde tegnologieprodukte gelê moet word. Probleme word egter tans tydens die oordragfase ten opsigte van kommunikasie, betrokkenheid tydens die verskillende projeklewensiklusfasies, kultuurverskille tussen ontwikkeling en produksie, dokumentasiebestuur, komponentvervaardiging, gereedskap, mannekrag en lae volumes deur tegnologie-organisasies ondervind. In dié artikel word op die projekbestuursbenadering gefokus as 'n moontlike meganisme om genoemde probleme aan te spreek in die bestuur van die vervaardiging van gevorderde tegnologieprodukte met 'n lae volume.

*Aan wie korrespondensie gerig moet word.

'In today's global economy, it's more critical than ever that research and manufacturing be dancing to a single tune. The tune is the same everywhere. In any language, the lyrics translate: whatever the consumer wants, the consumer gets. And what the consumer wants is the highest quality product, with real and perceived value, at the lowest possible costs' (Barrett, 1986: 23).

Probleemstelling

Die komplekse aard van gevorderde tegnologieprodukte tesame met lae produksievolumes gee aanleiding tot verskeie probleme. Deur slegs na enkele van hierdie probleme te verwys, kan die behoefte aan vaarbelyning van die industrialisasie van sodanige produkte reeds geïdentifiseer word.

Gedurende die oordragproses van gevorderde tegnologieprodukte vanaf ontwikkeling na produksie ontstaan 'n leemte. Wolff beskryf die oordragleemte as

'... the inevitable confrontation of human resistance to change, urgency to meet product schedules, new technology infusion into products, interdiscipline language problems, continuing design alterations and corporate cash commitments, to name but a few'. (1985: 9)

Die grootste enkele probleem volgens Frosch (1984: 11) is die feit dat die oordragproses 'n menslike proses is wat deur persone wat met mekaar moet saamwerk, uitgevoer word. In teenstelling hiermee word die oordragleemte dikwels as 'n organisatoriese knelpunt of kommunikasieprobleem beskou en ervaar, wat slegs deur die

instel van geskikte verslaggewing en beplanning en beheerstelsels in die organisasie hanteer sal kan word.

Die industrialisasie van gevorderde tegnologieprodukte met lae volume, vereis volgens Clawson (1985: 6) 'n effektiewe projekbestuursbenadering omdat 'it's low-volume, high-tech nature, magnifies and expands the number of natural pitfalls in the production cycle'. Die beplanning en beheer van gevorderde tegnologieprodukte met lae volume is ook 'n kritiese faktor in die industrialisasieproses.

Vanweë die snelle verandering op gevorderde tegnologievlak is dit vir 'n individu of departement onmoontlik om ten volle op die hoogte te bly met die nuutste tegnologiese ontwikkelinge. Tydens die industrialisasieproses van gevorderde tegnologieprodukte word 'n groter verskeidenheid deelnemers dus vereis. Volgens Gray (1985: 7) is die dae van skeiding tussen die ontwikkelingsafdeling en produksieafdeling getel.

Probleme ontstaan omdat die industrialisasiespan eers betrokke raak nadat die ontwikkeling van 'n gevorderde tegnologieproduk in essensie voltooi is. Dit beteken dat daar min of geen koördinering ten opsigte van belangrike produksie-georiënteerde aktiwiteite soos byvoorbeeld bouprosesse, personeelvereistes, toerusting en gereedskap, materiaaltegnologie en fasiliteite bestaan nie.

In die lig van die bogenoemde probleme word in hierdie artikel gepoog om 'n nuwe benadering ten opsigte van die industrialisasieproses van gevorderde tegnologieprodukte met lae volume aan te moedig.

Doel van die artikel

Die doel van dié artikel is om 'n model voor te stel vir die industrialisasieproses van gevorderde tegnologieprodukte met lae volume, vanaf ontwikkeling na produksie.

Aandag sal ook gegee word aan die rol en betrokkenheid van die industrialisasiespan by die industrialisasieproses vanaf ontwikkeling tot by produksie. Klem sal gelê word op die belangrikheid van 'n prosesbenadering en die noodsaaklikheid van 'n effektiewe projekbestuursbenadering vir die industrialisasie van hierdie produkte.

Navorsingsmetodiek

'n Literatuurstudie is onderneem om te bepaal of die probleem nie reeds voorheen aangespreek is en die oplossing reeds tot voordeel van ander gepubliseer is nie. Aanvullend hiertoe is ander beskikbare bronne bestudeer en waar van toepassing in die studie aangewend.

Onderhoude is met twintig vakkundiges (program-, projek-, produksie-, ontwikkelings-, aanskaffings- en kwaliteitsbestuurders) betrokke by die industrialisasie van gevorderde tegnologie gevoer. Al die respondentie is verbonde aan gevorderde tegnologie-organisasies gemoeid met die ontwikkeling en produksie van nuwe produkte. Vanweë die feit dat die meeste van die organisasies by die verdediging van die Republiek van Suid-Afrika betrokke is, is die bepalings van artikel 118 van die Verdedigingswet, Wet no. 44 van 1957 sowel as die bepalings van die Wet op Amptelike Geheimhouding, Wet no. 16 van 1956 op die organisasies en hulle bedrywighede van toepassing. Daar word egter gepoog om die sensitiewe inligting wat bekom is, so getrouw moontlik weer te gee.

Huidige problematiek

Die onderstaande inligting is gebaseer op die terugvoer wat tydens die onderhoude deur respondentie verskaf is.

Kultuurverskille tussen die ontwikkelingsfunksie en die produksiefunksie

'... research and the dividing of innovative ideas are highly untidy processes ... At the other end of the process, if one is going to manufacture ... there must be an extraordinary degree of tidiness of system, of detail recordkeeping and of great planning' (Frosch, 1984: 11).

Ontwikkeling is 'n eenmalige, toekomsgerigte aktiwiteit wat die vooruitskatting van koste sowel as die deurlopende monitor van prestasie bemoeilik. Daarteenoor behels produksie die maak van produkte op 'n geordende wyse volgens spesifikasie teen die hoogste kwaliteit en die laagste moontlike prys.

Ontwikkeling en produksie kan dus met reg as twee verskillende kulture met uiteenlopende waardestelsels en belangte beskou word. Die ontwikkelingsafdeling glo dat slegs hulle innoverend en kreatief kan wees, terwyl hulle produksie beskou as eenvoudige prosesse wat min interpretasie verg. Die produksieafdeling aan die ander kant sien die ontwikkelingsafdeling as werkers wat nie

konkrete of meetbare doelwitte het nie, en sodoende hulle doelwitte kan aanpas sodat dit binne maklike bereik is. Produksie daarteenoor moet meetbare doelwitte bereik. Produksie-ingenieurs word moeilik deur ontwikkelingsdepartemente aanvaar, alhoewel hulle dieselfde kwalifikasie mag hé as hul kollegas in ontwikkeling.

Kommunikasie

Kommunikasie is oor die algemeen 'n probleem wat deur organisasies ondervind word. Die volgende probleme is tiperend:

- besitlikheid, sowel as die bevrediging van die ego en strewe na voortdurende erkenning by ingenieurs;
- inligting word weerhou ten einde magsbasisse te verstrek; eenrigtingkommunikasie, hoofsaaklik vanaf ontwikkeling en produksie;
- weerstand van die ontwikkelingsafdeling om produksie te aanvaar veroorsaak 'n gebrek aan kontinuitet tydens die lewensiklus van die projek; en
- organisasiepolitiek afkomstig van bo ('top-down').

Betrokkenheid tydens die verskillende projeklewensiklusfases

Betrokkenheid en kommunikasie loop meestal hand aan hand. Ontwikkeling kan vroeë produksiebetrokkenheid as immenging in hulle domein sien, produksie moet eers opdragte gegee word voordat hulle betrokke sal raak (reaktiewe betrokkenheid), aanvaardingsprobleme tussen ontwikkeling en produksie en organisasiepolitiek ten opsigte van die beskerming van eie koninkryke ('empires') is tipiese probleme wat in hierdie verband voorkom.

Dokumentasiebestuur

Dokumentasie is 'n algemene probleem by die oordrag van gevorderde tegnologieprodukte omdat dokumentasie nie altyd versoenbaar is met die hardware nie. Daarbenewens word unrealistiese spesifikasies toegeken en veranderingsbeheer word nie altyd na betrokke dokumente deurgevoer nie.

Dokumentasie word ook selde ten opsigte van produksiebaarheid (vervaardigbaarheid), proseslimiete, dimensionele analises, standaardisasie, kwaliteit van ontwerp en toereikendheid van gereedskap, spesifieke prosesse, aanvaardingsvereistes en of dit in lyn is met inspeksieprosedures, gemonitor.

Komponentvervaardiging

Komponentvervaardiging is een van die slaggate waarin byna elke nuwe gevorderde tegnologieproduk tydens die oordrag vanaf ontwikkeling na produksie vasval. Die redes hiervoor is die volgende:

- Geen studie omtrent die vervaardigbaarheid van die komponente word gedoen nie.
- Geen langtermynverbintenis ten opsigte van die komponente word aangegaan nie.
- Aankopers en kwaliteitsverzekering help nie die verskaffers of leveransiers met die industrialisasie van hulle prosesse nie. As gevolg daarvan word baie de-

fektiewe komponente aanvanklik vervaardig.

- Aankopers vervul dikwels net 'n soort poskantoorfunksie wat tot vertragings aanleiding gee, aangesien hulle nie oor die agtergrondinligting ten opsigte van die ontwerpproses beskik nie.
- Die nuutste komponentvervaardigingsdokumente word nie altyd aan verskaffers of leweransiers verskaf nie.
- As gevolg van die steekproefaanvaardingstegniek ('sampling') wat inkomende inspeksies gebruik vir die aanvaarding van komponente, word 'n groot aantal komponente wat eerder afgekeur moes word, aanvaar.
- Probleme word dikwels met tydskale en koste ondervind wanneer daar slegs een verskaffer of leweransier is.

Gereedskap

Gereedskap word as een van die mees dinamiese aspekte van die oordrag van gevorderde tegnologieprodukte beskou. Weens 'n gebrek aan kennis ten opsigte van die produksieprosesse van die nuwe produk, word gereedskapsprobleme selfs in die produksiefase ondervind. Probleme soos byvoorbeeld:

- Gereedskap is ontoereikend en onakkuraat.
- Ontwikkeling voel dat slegs hulle bevoeg is om gereedskap (veral gietstukgereedskap) te ontwerp en dat produksie nie oor die nodige ontwerpkuindigheid beskik nie.
- Gereedskap word dikwels hoër of laer as die werklike werkverrigtingvereistes gespesifiseer.
- Onnodige ontwerperanderinge gee aanleiding tot die modifisering van gereedskap en 'n gevolglike verlaging in die leeftyd van die gereedskap.
- Onrealistiese standarde lei tot die misbruik ('abuse') van gereedskap.

Mannekragtekorte

Volgens die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se verslag na Onderwysvoorsiening in die RSA (1981: 24) bestaan daar 'n tekort aan en 'n toename in die vraag na veral tegnies- en tegnologies-opgeleide mannekrag in die RSA. Die tekort noop gevorderde tegnologie-organisasies om tegnies- en tegnologies-opgeleide mannekrag, wat pas hul naskoolse opleiding voltooi het, in diens te neem. Die mannekrag beskik dus nie altyd oor die nodige praktiese ervaring ten opsigte van aspekte soos produseerbaarheid, onderhoubaarheid, betrouwbaarheid en gebruikersvriendelikheid van produkte nie. 'n Organisasie verloor ook kontinuiteit van kennis as mannekrag verplaas word, of die organisasie verlaat.

Lae volumes

Al die gevorderde tegnologie-organisasies wat aan die navorsing deelgeneem het, het gemeld dat hul ten minste een klant met beperkte behoeftes het. 'n Verskeidenheid gevorderde tegnologieprodukte word dus benodig om die klant tevrede te stel. As gevolg hiervan word gevorderde tegnologieprodukte in lae volumes gepro-

duseer wat daartoe lei dat selde voldoen kan word aan die beginsel van 'n gesonde leerkurwe.

Internasionale boikotte

Menige Suid-Afrikaanse tegnologie-nywerhede gaan gebuk onder internasionale boikotte. Gevolglik is die organisasies in 'n groot mate geïsoleerd van die gevorderde tegnologieprodukte of stelsels van die buiteland. Die organisasies kan nie hulle stelsels geredelik of vrylik aan die buitelandse evaluasiemarkte bekendstel nie en kan ook nie evaluasie-inligting ten opsigte van oorsese produkte of stelsels vrylik bekom nie. Dit gee aanleiding tot verhoogde koste en onverfynde produkte.

Ontwikkelingsmodelle

Tydens die ontwikkelingsfase ontwerp die ontwikkelingenieur die produk of stelsel en ken dan toleransies toe aan elke afmeting. Die ontwerp word aan protowerkwinkels oorhandig wat die komponente vervaardig. Vyf tot tien stelle komponente word dan deur spesialiste van die bedryf vervaardig en noukeurige aandag word aan die opstel van die masjinerie en toerusting gegee. Al die komponente word dus so na as moontlik aan die presiese afmetings vervaardig. Passingsprobleme word selde ondervind as die ontwikkelingsmodelle saamgestel word, en so word swak of gebrekkige dimensionele analise dikwels nie tydens die ontwikkelingsfase bemerkt nie.

Tydens die industrialisasiefase word produkte of stelsels uit die produksiekomponente opgebou. Produksiekomponente word in verskeie lotte deur leweransiers in die industrie vervaardig. Alhoewel masjinerie volgens die toleransiegrens opgestel en komponente daarbinne vervaardig word, gebeur dit wel soms dat daar tussen die boonste en onderste limiet verskille is en word daar dikwels passingsprobleme, wanneer verskillende komponente saamgestel word, ondervind. Dit kan meebring dat komponente soms oorgemaak of selfs geskroot moet word.

Standaardisasie

Frosch (1984: 11) beskryf die ontwerp- en die ontwikkelingsmannekrag as kreatieve en innoverende mense. Vir hierdie mense impliseer standaardisasie die ontneming van kreatiwiteit en innovasie, en daarom word standaardisasie vermy.

Standaardisasie kan egter 'n uitdaging aan die ontwerp- en ontwikkelingsmannekrag stel, soos die opneem van bestaande subontwerpe in hulle ontwerp en die gebruik van standaardmateriaalvorme en -items.

Gebrek aan standaardisasie lei tot verhoogde vervaardigingskoste, die aanhou van 'n groter verskeidenheid voorraad asook 'n verhoging in administrasie. Verskillende spesifikasies word ook dikwels aan soortgelyke produkte of stelsels gegee wat bottlenecksituasies by die aanvaardingsfasilitate soos onder ander omgewingstoetse en kwaliteitsverzekering laat ontstaan. Die produksieprosesse word dikwels bemoeilik of raak te kompleks weens 'n gebrek aan standaardisasie tydens die ontwikkelingsfase.

Teen die agtergrond van genoemde probleme en in die soeke na 'n oplossing vir die probleme, is veral op projekbestuursbenaderingsteorieë gelet. Die projekbestuursbenadering word deur Archibald (1976: III) as 'one of the most significant contributions to management theory and practice' beskryf, omdat 'not only has innovative organizational approaches been developed to facilitate the effective integration of people, resources, and tasks, but equally important, powerful management systems to monitor and control projects have been devised'.

Voorgestelde model vir die industrialisasiëproses van gevorderde tegnologieprodukte

Tot dusver is die probleme wat by die industrialisasiëproses van gevorderde tegnologieprodukte met lae volume ondervind word, geskets. Vervolgens word 'n model vir die industrialisasiëproses van gevorderde tegnologieprodukte met lae volume, wat hierdie probleme grootliks aanspreek, voorgestel. Die model bestaan uit drie fases wat elk weer 'n subproses van die totale industrialisasiëproses uitmaak, naamlik: die ondersoekfase, die ontwikkelingsfase en die industrialisasiëfase. In Figuur 1 word 'n uiteensetting van die industrialisasiëproses gegee.

Die ondersoekfase

Die industrialisasiëproses begin reeds tydens die ondersoekfase wat die konsep- en definisiefase insluit, waartydens die ontwerpingenieur, wat die sleutelfiguur is, verantwoordelik is vir die daarstelling van die konsepontwerp. Die lewensvatbaarheid van die konsep word deur middel van die toepassing van normale ingenieursbeginsels bewys.


Die industrialisiespan lewer insette tot alle moontlike produksiegeoriënteerde aktiwiteite wat tydens die ontwikkeling van die produk oorweging moet geniet. In Figuur 2 word 'n uiteensetting van die industrialisasiëproses tydens die ondersoekfase gegee.

Insette


Die primêre inset wat tot die inisiëring van die proses aanleiding gee, is die gebruikerbehoeftestelling (GBS), met ander woorde die behoeftie wat die gevorderde tegnologieproduk moet bevredig.

Prosesaktiwiteite

Die eerste aktiwiteit wat plaasvind, behels die ontleding



Figuur 1 Die industrialisasiëproses



Figuur 2 Industrialisasiëtydens die ondersoekfase

van die behoeftes, die bepaling van voorkeure en die daarstelling van doelwitte ten opsigte van die verwagte uitset. Elemente van die groter omgewing, asook die makrovlak van die omgewing, word in ag geneem.

Die tweede aktiwiteit behels die ondersoek en daarstelling van al die moontlike alternatiewe konsepte ten einde te voldoen aan die gestelde doelwitte. Tydens dié aktiwiteit word veral gelet op die taakomgewing asook op die intermediêre vlak van die omgewing. Insette soos mannekrag, kapitaal, materiaal, tegnologie en alle ander inligting beskikbaar, word oorweeg.

Die derde aktiwiteit behels die selektering van die mees gesikte en lewensvatbare alternatief. Tydens dié aktiwiteit word veral gelet op die mikrovlak van die omgewing.

Die vierde aktiwiteit behels die ontwikkeling van die ontwerpspesifikasies vir die nuwe gevorderde tegnologieproduk. Dié aktiwiteit sluit vier aksies in naamlik tegniese werkverrigtingspesifikasies, aanvaardingspesifikasies, begroting en kostberaming en tydskele en skeudokumente.

Die uitvloei van die tegniese werkverrigtingspesifikasies en aanvaardingspesifikasies is 'n ontwikkelingspesifikasie. Al vier aksies word in 'n projekplandokument saamgevat. Tydens dié aktiwiteit word veral gelet op die karakteristieke wat die proses kenmerk, soos effektiwiteit en doeltreffendheid van die ontwikkelingspesifikasies, die kapasiteit van die organisasie se

fasiliteite asook die mate van buigsaamheid teenwoordig in die ontwerp.

Die vyfde aktiwiteit behels die voldoening aan die gebruikersbehoeftestelling (GBS). Dié aktiwiteit word tydens 'n hersiening van die ontwerp deur die kliënt of gebruiker aanvaar of afgekeur. Indien die aktiwiteit aanvaar word, dien die projekplan as basislyn vir die volksaalse ontwikkelingsfase. Indien die aktiwiteit afgekeur word, word die proses herhaal totdat 'n aanvaarbare of lewensvatbare ontwerp gekry word.

Uitsette

Die uitset van hierdie fase, is 'n goedgekeurde ontwikkelingspesifikasie vervat in die projekplan wat as basislyn vir die volksaalse ontwikkelingsfase dien. In Tabel 1 word 'n voorbeeld van 'n tipiese verantwoordelikheidsmatriks ten opsigte van die betrokkenheid van die groter organisasie gegee.

Die ontwikkelingsfase

Tydens die ontwikkelingsfase is die ontwikkelingsprojekbestuurder, die sleutelfiguur, verantwoordelik vir die gedetailleerde ontwerp en ontwikkeling van die gevorderde tegnologieproduk deur gebruik te maak van die normale ingenieursbeginsels.

Die industrialisasiespan lewer insette ten opsigte van alle moontlike produksiegeoriënteerde aktiwiteite wat tydens die ontwikkeling van die produk oorweging moet

geniet. In Figuur 3 word 'n uiteensetting gegee van die industrialisasieproses tydens die ontwikkelingsfase.

Insette

Die inset wat die industrialisasieproses tydens die ontwikkelingsfase inisieer, is 'n goedgekeurde ontwikkelingspesifikasie vervat in die projekplan was as basislyn vir die volksaalse ontwikkeling dien.

Prosesaktiwiteite

Die eerste aktiwiteit behels die bepaling en definiering van die doelwitte benodig vir die ontwikkeling van die gevorderde tegnologieproduk.

Die tweede aktiwiteit behels die gedetailleerde ontwerp vir elke konfigurasie-item gevorderde tegnologieproduk. Tydens die aktiwiteit word die ontwerp volledig gedokumenteer en volgens 'n meesterrekordindeks (MRI) beheer. Verder behels dit die bou van die ontwikkelingsmodelle volgens die gedetailleerde ontwerp.

Die komponente benodig vir die samestelling van die konfigurasie-items word volgens die MRI-tekeninge gemaak. Die maak van die komponente word deeglik gemonitor. Daarna word die konfigurasie-items saamgestel en geëvalueer vir die mate waartoe hulle aan fisiese en funksionele karakteristieke voldoen. Alle awykings word aangeteken terwyl die MRI-dokumente dienooreenkomsdig opgedateer word.

As uitvloeisel van dié aktiwiteit word die ontwerp her-

Tabel 1 Tipiese verantwoordelikheidsmatriks vir die ondersoekfase

Legende

V: Verantwoordelikheid

T: Taak

I: Insette

INDUSTRIALISIEPROSES TYDEN DIE ONDERSOEKFASE

A. INSETTE

- i. Verkry gebruikerbehoeftestelling (GBS)
- ii. Verkry samenvattung en opgaaf van werk (SOW)
- iii. Verkry verwagte program / projek skedule
- iv. Verkry verwagte program / projek fondse
- v. Stel program projek WVS op (PWVS)
- vi. Verkry 'n kontrak vir uitvoering van die werk

Kliënt / Gebruiker	Programbestuurder	Projekbestuurder	Ingenieurswese	Produksie-Ingenieurs	Materiale	Kwaliteit	Konfigurasie	Tekenaar	Sekereid	Personnel	Finansies
I	V	T	I								
I	V	T	I								
I	V	T	I								
I	V	T	I								
	V	T	I	I			I	I	I		
	VT	I									

B. PROSESAKTIWITEITE

Eerste Aktiwiteit : Bepaal doelwitte

- i. Ontleef GBS en bepaal voorkeure
- ii. Bepaal die verlangde werkverrigtingsvereistes
- iii. Kan die organisasie tegnies aan die vereistes voldoen?
- iv. Bepaal tipe gevorderde tegnologie benodig
- v. Bepaal DOELWITTE vir ondersoekfase

I	V	T									
	V	T	I	I	I						
	V	T	I	I	I						I
	V	T	I	I	I						I
	I	V	T	I							

Tabel 1 (vervolg)

Legende

V: Verantwoordelikheid

T: Taak

I: Insette

Tabel 1 (vervolg)

Legende

V: Verantwoordelikheid

T: Taak

I: Insette

Derde Aktiwiteit : Selekteer beste alternatief

	Klant / Gebruiker	Programbestuurder	Projectbestuurder	Ingenieurswese	Produksie-Ingenieurs	Materiale	Kwaliteit	Konfigurasie	Tekenaar	Sekterheid	Personnel	Finansies
i. Speel die verskillende konsepte teenoor mekaar af in terme van:												
- Werkverrigtingsvereistes	I	V	T	I								
- Skedules	I	V	T	I								
- Kostes	I	V	T	I								
ii. Vergelyk met die doelwitte bepaal in eerste aktiwiteit	I	V	T									
iii. Selekteer die gesikste en lewensvatbaarste alternatief	I	V	T	I								

Vierde Aktiwiteit : Ontwikkel ontwerpspesifikasies

i. Ontwikkel tegniese werkverrigtingspesifikasies	I	V	T	I	I							
ii. Ontwikkel aanvaardingnorme en toetsprosedures	I	V	T	I	I	I						
iii. Let op vir standaardisasie van spesifikasies	I	V	T	T	T	I						
iv. Bepaal die beraamde lewensikluskoste vir die projek	I	V	T	I	I	I				I		
v. Beplan die tydsduur van die ontwikkelings-, industrialisasie- en produksiefases	I	V	T	T	I	I				I		
vi. Stel die projekplan dokument saam	I	V	T	I						I		
vii. Plaas projekplan dokument onder konfigurasiebestuur	I	V	I					T	I			

Vyfde Aktiwiteit : Voldoen aan doelwitte

i. Reël 'n hersiening van die ontwerp vergadering	I	I	VT	I	I	I	I	I	I	I	I	I
ii. Vergelyk en evalueer die prestasie van die ontwerp teenoor die doelwitte in terme van:												
- Werkverrigting	I	I	VT	I	I	I	I	I				
- Skedules	I	I	VT	I	I							
- Kostes	I	I	VT	I	I							
iii. Bepaal die mate waartoe ontwerp aan GBS voldoen	I	I	VT	I	I							
iv. Ontwerp nie aanvaarbaar, begin weer by eerste aktiwiteit	I	I	VT	I								
v. Ontwerp aanvaarbaar, projekplan dien as basislyn vir ontwikkelingsfase	I	I	VT	I								

C. UITSETTE

i. Goedgekeurde basislyn vir ontwikkelingsfase	I	VT	I									
ii. Goedgekeurde ontwikkelingspesifikasie	I	VT	I									
iii. Navraag vir kwotasie met betrekking tot ontwikkelingsfase	I	V	T	I								


sien. Tydens 'n vergadering tussen die gebruiker en die industrialisasiespan word alle konfigurasie-items hersien vir aspekte soos die volgende:

- die evaluering van die vordering, die tegniese werkverrigting (effektiwiteit en doeltreffendheid) asook die eliminering van risiko-areas;
- die haalbaarheid en verenigbaarheid met betrekking

tot vereistes soos betroubaarheid, onderhoubaarheid en produseerbaarheid; en

- die bepaling van en verenigbaarheid met betrekking tot die fisiese en funksionele intervlakke tussen die konfigurasie-items en ander items, toerusting, faciliteite en personeel (Armscor, 1984: 21).

Die derde aktiwiteit behels dat die doelwitte bereik



Figuur 3 Industrialisatie tydens die ontwikkelingsfase

moet word soos bepaal in die eerste aktiwiteit. Indien nie aan die doelwitte voldoen word nie, word verdere ontwikkelingsmodelle gebou. Indien aan die doelwitte voldoen word, word voortgegaan met die kwalifikasie van die ontwerp.

Die vierde aktiwiteit behels die kwalifikasie van die ontwerp. Dit is die proses waartydens die ontwerp volgens die spesifikasies van elke konfigurasie-item, onder gekontroleerde omstandighede, ten opsigte van passing, funksie en vorm geverifieer word. Die aktiwiteit sluit twee aksies in naamlik: konfigurasie-itemspesifiektoetse en MRI-oudit en beheer.

Die uitvloei van dié aktiwiteit is 'n kwalifikasietersiening van die ontwerp, en tydens 'n vergadering word die resultate, leemtes en voorgestelde korrektiewe aksies, waar nodig, ten opsigte van die volgende aspekte weer bespreek:

- Stel vas of die konfigurasie-items, wat onderworpe was aan die kwalifikasie van die ontwerp, die spesifikasies, betroubaarheid en onderhoubaarheidsvereistes bevredig het.
- Die bepaling van stelselverenigbaarheid tussen die konfigurasie-items en ander items, toerusting, fasili-

teite en personeel.

- Voorsiening van produksierisiko-areas.
- Produk- of stelselpesifikasies.

Die vyfde aktiwiteit behels die bereiking van die doelwitte soos bepaal in die eerste aktiwiteit. Indien die doelwitte nie bereik word nie, word teruggekeer na die eerste aktiwiteit. Die doelwitte word of weer gedefinieer of uitgebrei ten einde die ontwikkelingsfase suksesvol te kan afhandel. Indien die doelwitte bereik word, word met die industrialisasiefase voortgegaan.

Uitsette


Die uitset van die industrialisasieproses tydens die ontwikkelingsfase is 'n gekwalificeerde produkontwerp met 'n goedgekeurde voorlopige produksie-MRI wat as basislyn vir die industrialisasieproses dien. In Tabel 2 word 'n voorbeeld van 'n tipiese verantwoordelikhedsmatriks vir hierdie fase gegee.

Die industrialisasiefase

Tydens die industrialisasiefase is die produksieprojekbestuurder die sleutelfiguur want hy is verantwoordelik vir die optimalisering van al die produksieprosesse. Hy word deur die industrialisasiespan ondersteun. In Figuur 4 word 'n uiteensetting gegee van die industrialisasieproses tydens die industrialisasiefase.

Insette

Die inset wat die industrialisasieproses tydens die



Figuur 4 Industrialisasieproses tydens die industrialisasiefase

industrialisasiefase inisieer is 'n gekwalifiseerde produk-ontwerp met 'n goedgekeurde voorlopige produksie-MRI wat as basislyn vir die industrialisasiefase dien.

Prosesaktiwiteite

Die eerste aktiwiteit behels die bepaling en definiëring van die doelwitte wat nodig is vir die industrialisasie van die gevorderde tegnologieprodukte.

Die tweede aktiwiteit behels die optimalisering van al die produksieprosesse. Dit sluit die vyf aksies wat vervolgens bespreek word, in.

Optimalisering van prosesse

Voordat prosesse geoptimaliseer kan word, is dit belangrik om die kritiese proseskarakteristieke te identifiseer, te beplan en te beheer.

Produksie-optimalisering behels hoofsaaklik die optimalisering van die volgende prosesstipes:

- Vestiging van basiese en sekondêre komponentvervaardigingsprosesse: dit behels hoofsaaklik die vestiging van 'n komponentvervaardigingsvermoë by die leweransiers en verskaffers.
 - Produksiebouprosesse: dit behels hoofsaaklik die selektering van die optimale bouproses, sowel as om die beste volgorde daarvoor vas te stel. Die identifisering van spesiale produksiebougereedskap en toetsstoerusting.
 - Beskermings- en versieringsprosesse: dit behels die tydelike of permanente bedekking van items ten einde die produk of stelsel teen die elemente te beskerm

asook te versier, byvoorbeeld platering en verf

